

Amptenare van Jesus se werk in Vanderbijlpark

Jesaja 32:1-8

Inleiding

- "Die enigste ding wat nodig is sodat die bose sal wen is vir goeie mense om niks te doen nie."
 - Edmund Burke het hierdie woorde gesê vanweë onrus wat in 1770 in Ierland geheers het.
- Daarmee het hy bedoel dat,
 - as goeie mense niks doen nie,
 - jy eintlik besig is om te help dat die bose soos 'n rotplaag oorneem.
- Orals om ons, kan 'n mens sien hoe die bose
 - steeds aan ons samelewing vreet en toring.
 - Jy voel dalk die geknaag in jou eie huis en gesin, dalk aan jouself?!
- Nou ja, die bose sal beslis nie finaal wen nie,
 - Jesus Christus het klaar sy Koninkryk gebring en aan die kruis gewen.
- Maar steeds knaag die bose oral vernietigend.
 - En nou, intussen, roep Koning Jesus sy amptenare om sy goeie regering grond toe te vat.
- Dit is waaroor ons vandag gesels:
 - Hoe Jesus sy dissipels wil gebruik
 - as deel van sy oplossing vir die bose wat in Suid-Afrika, Vanderbijlpark, op kampusse, in jou huwelik, pouse tussen maatjies
 - of op Whatsapp groepe wil oorneem.
- Nou, dit was ook waarvoor God Israel geroep het eeue gelede.
 - Om lig te wees vir die nasies in wie die donker gewoed het (vgl. Ps 67; Hand 13:47; 1Pet 2:9).
- Maar Israel het egter niks aan die saak gedoen nie.
 - En Edmund Burke se beginsel het ingeskop:
 - Die bose Assiriese volk het Israel van erg tot erger laat klippe kou.
 - Mens sou dink hulle sal toe wakker skrik en met die Here se werk begin, maar hulle het nie.

- Hulle het eerder hulp gaan soek by Egipte om te kan oorleef en om net te kan aangaan soos hulle het (Jes. 30;31).
 - En wat is so fout daaraan?
 - Hulle oë was steeds nie op God se werk vir hulle nie maar op hulle oorlewing.
- Dit is vandag hoe meeste Christene maak as jy voel dit gaan bietjie woes om jou:
 - “Hoe kan ek wegkom en oorleef!”
 - eerder as “Wat is my werk hier?”
 - Gelukkig is daar wel ‘n klomp wat dan moue oprol en inklim.
- God praat in Jesaja 30,31 baie hard met Israel hieroor.
 - Hy het hulle nie sy genade en sorg gegee
 - sodat hulle eintlik sonder Hom vir hulleself moet probeer oorleef nie.
 - Hulle is eerder juis genade gegee
 - om die mense om hulle te leer hoe om werklik te lewe.
- Om Israel se oë dan weer terug te draai na hulle werk toe
 - verf die Here dan in Jesaja 32 vir hulle ‘n prentjie van die toekoms.
 - ‘n Skildery oor ‘n tyd en ‘n Koning en sy amptenare wat nog sal kom,
 - maar wat hulle toe al moes inspireer!
- Ons voordeel vandag is dat ons in daardie tyd is!
 - So kom ons lees Jesaja 32 saam en draai ons oë weer na God se werk vir ons toe.

[Lees Jesaja 32:1-8]

- God vertel hier van ‘n bedroglose Koning, Jesus, - ‘n president as jy wil -
 - wat 100% regverdig met mense sal werk,
 - en sy amptenare, Christene,
 - wat sonder korrupsie werk om sy regering grondvlak toe te vat
 - en hoe dit mense se oë sal oopmaak
 - en dinge wat op sy kop staan ...sal help regdraai
 - wanneer die eerbare mens, met eerbare bedoelings weer begin opkom vir wat eerbaar is.

- Dit klink amper soos 'n onmoontlike droom
 - Maar as jy net so bietjie die geskiedenis ken
 - Het dit al 'n hele paar keer in die verlede gebeur
 - Die eerste Christene het bv die magtige maar banale Romeinse ryk omgedraai tot 'n punt waar die Keiser 'n Christen geword het.
 - Hulle was propvol korrupsie en orgies met brandarm mense op grondvlak.
 - Reality shows in die Colloseum waar Christene vir Leeus gegooi is om bietjie afleiding vir die massas werkloses te gee.
 - Afgodsdienste waaraan jy as Christen nie kon deelneem nie en wat jou dan uit die ekonomie en politiek uitgesluit het.
 - Maar dit het omgedraai
 - Ook tydens die reformasie in die 15de eeu kon die massiewe en korrupte katolieke kerk sisteem
 - nie sy mag hou teen die eenvoudige mense wat God se woord weer gelees en gevolg het nie.
 - Dit het alles omgedraai.
- Ons gaan daarom nou praat oor
 - Jesus wat reg en genadig regeer,
 - Korrupsielose amptenare wat sy regering grond toe vat
 - en die effek daarvan op Vanderbijlpark.

Jesus regeer reg en genadig

- Vers 1 van Jesaja 32 praat van iets waarna meeste Suid-Afrikaners smag:
 - 'n Leier sonder 'n tender bedrog skandaal,
 - Een wat kan doen wat Hy belowe het met sy inhuldiging,
 - en die ministers wat hy aanstel is op hulle pos en spandeer hulle begroting en tyd om mense te help
 - eerder as om met blink karre deur hulle eie slaggate te ry.
- Ons sien hier 'n bedroglose Leier se manifes wat deur sy ministers vir sy mense uit gevoer word.
- Soos hier staan: Hierdie koning regeer reg.

- Hierdie koning word in 'n paar hoofstukke later in Jesaja 42 beskryf as iemand wat deur God aangestel is:

42 *Hier is my dienaar, Ek stel hom aan. Ek het hom uitverkies, hy geniet my guns. Ek laat my Gees op hom kom, hy sal my wil aan die nasies bekend maak. ²Hy sal nie roep nie, hy sal nie hard skree nie, hy sal nie sy stem op straat laat hoor nie. ³'n Geknakte riet sal hy nie afbreek nie, 'n lamppit wat dof brand, sal hy nie uitdoof nie. Hy sal my wil bekend maak soos dit is. ⁴Self sal hy ook nie uitgedoof of geknak word nie totdat hy my wil op aarde gevestig het. Die eilande wag op wat hy hulle sal leer.*

- Hierdie koning wat 100% reg regeer, regeer dus ook 100% met genade.
 - Hy weet Hy het te doen met geknakte-riet-mense en dowwe-lamppit-mense.
 - Mense soos ons
 - 'n Riet is klaar swak... wat nog van 'n geknakte riet wat jy sommer in die verbyloop kan afbreek?
 - 'n Lampie wat brand blaas klaar maklik dood, wat nog van 'n dowwe lampie?
- Hy buit nie sy mense se swakheid uit nie.
- Dink nie dat jy nie meer die moeite werd is, en gee dan met jou op nie.
- Nee Hy sal eerder God se wil, God se hart, wys soos dit is
 - en sal eers self gedoof en geknak raak aan die kruis
 - nadat Hy die ware manier van lewe vir mense gewys het
- Jesus regeer dus 100% reg en 100% genadig
 - Maar sy bedoeling is dat sy amptenare,
 - Riet en lamp mense wat oorgekoop is
 - Mense wat deur sy manier van regeer geraak is
 - Dit nou grondvlak toe vat vir die ander

Korrupsielose amptenare van Jesus vat sy regering grond toe

- 'n Koning of president of burgermeester stel amptenare aan
 - Dis 'n span "werker-bytjies" wat namens die leier optree
 - Hulle vat al die idees en besluite van wat moet gebeur grond toe.
 - Hulle sorg dat wat in die wil en gedagtes van die leiers is,
 - Uiteindelik regtig-egtig word vir mense.

- Hierdie beeld word gebruik om ons te help verstaan
 - waar jy as individu en Trinitas as groep
 - saam met Jesus in Vanderbijlpark inpas.
 - Sy wil moet grond toe gevat word
 - En daarvoor het hy amptenare
 - En sy amptenare het werk
 - Hulle moet as eerbare mense, met eerbare intensies, opstaan vir wat eerbaar is.
- Vers 2 wys dan HOE dit gebeur.
 - Vier dinge word genoem:
 - Hulle is 'n skerm teen wind,
 - 'n skuiling teen stortreën,
 - strome water in 'n dor land
 - en 'n groot rots in 'n kaal wêreld.
- Om mooi te verstaan wat met elkeen bedoel word, moet ons gou in die wêreld van Israel inklim.
- Die somers daar was warm en droog en die winters soms nat.
 - In die Somer waai 'n warm en droë wind uit die woestyn uit
 - Die mense het dan windskerms gebou om te keer dat as nie omwaai nie.
 - In die Kaap bou hulle soms sulke skermpies om die plante sodat die plante nie skeef groei van al die wind nie.
- Die reënskuilings was weer veral in die winter nodig.
 - Nie dat dit baie reën nie
 - Israel kry amper al sy jaarlikse reën in twee maande.
 - Maar dit kom net skielik soos stortbuie, baie op 'n slag.
 - wat baie skade kan maak.
 - Reënskuilings was dan veilige plekke waar mense veilig kon gaan wag terwyl die reën buite neerstort.
- Jesus stel jou aan as skerm en skuiling vir die mense om jou.
 - Om te help en beskerm
 - Daar waar iemand kwesbaar is...
 - Weerloos is ...

- nog voordat die wind van die lewe hulle skeef laat groei,
- en nog voordat die stortbuie mense nat, siek en verspoel agterlaat.
 - Waar jy opkom vir 'n kollega op wie gepik word
 - Of dalk net troos as hulle huilend uit die baas se kantoor kom
 - Waar jy 'n maatjie word van iemand in jou klas wat eintlik net geboelie word deur almal
 - Of 'n vriend wat deur 'n moeilik tyd gaan uitvat vir 'n bier.
- Soek waar jy 'n skerm en skuiling kan wees sodat die weerloses rondom jou nie verwoes word nie.
 - Die ander geknakte riete en dowwe lamppitte.
- En as mense klaar seergekry het?
 - Dis waarom die volgende twee take van Jesus se dissipel-amptenare gaan
 - Wees 'n waterstroom en rots.
- In die droë wêreld van Israel is 'n rivier of stroompie soos 'n Ultra City in die Karoo.
 - Soms haal jy dit net betyds!
 - In die hitte en droogte van elke dag
 - het mense hulself by waterplekke verfris.
 - Hierdie waterstrome het weer bietjie lewe terug gegee
 - wat die warm dag uitgewurg het.
- Verder was daar nie juis 'n boom om bietjie skaduwee te gaan soek nie.
 - Daarom was kranse of groot rotse langs 'n reisiger se pad ideaal.
 - 'n Rots maak 'n soliede skaduwee.
 - En die onderkant van 'n groot klip is mos koel daarby.
 - 'n Groot rots in 'n kaal wêreld.
- Om waterstroom en rots te wees is
 - om 'n plek van verfrissing en asemskop te wees vir mense
 - Al sien jy net die kliënt voor jou het die tannie by die toonbank gas gegee, en jy is dan doelbewus vriendelik en beleefd en dankbaar vir hulle diens.
 - Al is die tannie agter die toonbank van 'n ander kultuur.
- Klink dit wat Jesus in Homself en deur Christene wil gee nie presies wat jou huis en ons gemeenskap nodig het nie?

- Wat sien ons sovêr:
 - Jesus regeer reg en genadig,
 - Sy amptenare wat dit by Hom beleef vat dit grond toe vir ander.
 - En nou leer ons iets van die effek daarvan op Vanderbijl.

Die effek op Vanderbijl

- Dissipels wat skerm, skuiling, water en rots is in hulle gemeenskap,
 - speel 'n nodiger rol in God se plan as wat jy mag dink.
 - Dit is bedoel om Vanderbijlpark werklik te kan raak...
 - En dit het in die verlede al magtige sisteme omgeswaai
- Vers 3 en 4 vertel ons hiervan.
 - Hier word gepraat van
 - oë wat hierdie amptenare se optrede raaksien,
 - ore wat daarvan hoor,
 - mense wat daardeur aan die dink gesit word en insig kry
 - en uiteindelik by die punt kom om vrymoedig daaroor te kan praat.
- Die einste mense wat jy soms wens tog net kan sien waarmee hulle besig is
- Jy wonder of hulle na iemand anders as hulle self luister
- Jy kan amper nie verstaan dat hulle nie kan verstaan wat hulle aanvang nie
- En as hulle praat is dit die grootste klomp onsinnige tjol
- Dit is presies dit wat moet en kan omdraai.
 - Maar hulle moet die amptenare eers sien, dan hoor, dan verstaan, en dan kan dinge anders raak.
 - Dan eers sal dit kan ophou dat
 - die grootste sotheid soms deur mense geprys word asof dit die gedagte van die eeu is.
 - Die grootste jakkals gevolg word asof hy respek verdien
 - Soos vers 5 sê:
 - "'n Dwaas sal nie meer as eerbaar beskou word nie en 'n skurk nie meer as edel beskryf word nie."
- Meestal as ons dink aan die 'gestuurde' of 'uitreik' taak van die kerk

- Dan dink mense dalk aan Madagaskar
- Of êrens op 'n ander plek waar mense slegter af is as jy.
- Of ons dink – hoe kan die klein dingetjies wat ek doen tog 'n verskil maak.
- Maar eintlik het die Here klaar vir elkeen van ons op 'n plek gesit
 - Met genoeg geleenthede waar mense jou nodig het as 'n skerm of skuiling of waterstroom of rots.
 - Sommer in die gewone gang van ons dag se roetine.
 - En as jy mooi dink het die klein en gewone goed wat iemand anders al vir jou gedoen het
 - Of wat jy hulle net sien doen het vir ander
 - – tog 'n buitengewone groot impak op jou gehad.
 - Dis vir ons om net ons missie uit te lewe.
 - Om met genade en die evangelie missionaal in ons omgewing in te lewe
 - En so deel te neem aan God se werk in ons wêreld.

Slot

- God roep ons om in moeilike omstandighede nie te kyk waar ons kan vlug of net vir onself oorleef nie.
- Hy wil ons oë vandag deur sy Woord en Gees draai na ons werk en roeping toe.
- Jesus Christus regeer reg en genadig
 - Jy kan dus op Hom staat maak
 - En uit sy genade vir jou opstaan
- Sy amptenare wat daaruit lewe vat die einste regverdigheid en genade grond toe
 - As skerm, skuiling, waterstroom en rots
- Dit is dalk soms klein en min, maar kan onmoontlike mense en situasies omdraai.
- In die woorde van vers 8: “'n Eerbare mens het eerbare bedoelings en staan op vir wat eerbaar is”

- Mag God só die eer ontvang, want dit is net deur sy werk in ons dat mense soos ons eerbaar kan wees en eerbaar kan optree.

Amen.

Griffel van Wyk
Trinitas
16 Oktober 2016